

*Ontmoet vir..*



# Huiskerk

Quellerina  
Gemeente

## Ester

### Ester 1-10

*Sy was 'n beeldskone meisie! Maar sy het 'n groot agterstand in die lewe. Nie alleen was sy 'n weeskind wat deur haar oom, Mordegai grootgemaak word nie, maar sy was ook deel van 'n volk wat geminag word. Hulle is in ballingskap weggevoer uit hulle land, en sy woon as verwerpte vreemdeling ver van haar familie en vriende en geliefde vaderland, Israel. Op die harde manier moet Ester leer om verantwoordelikheid vir ander mense te aanvaar en beheer te neem van haar situasie.*

*Soos 'n Moses van ouds, lei sy haar onderdrukte volk uit die verdrukking uit. Deur haar sagte woorde verander sy die gang van die geskiedenis. Dan is dit eintlik hierdie brose, sagte vrou wat in werklikheid die septer swaai in die koninkryk van hierdie gevaarlike koning Ahasveros*

*Bid saam as gesin.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Deel wat hierdie verhaal al vir jou beteken het.*

*Wat kan jy vandag in hierdie verhaal leer oor God se karakter? Deel met mekaar.*



Huiskerk

Quellerina  
Gemeente

Ontmoet vir...

# Ester

Wie was die koning van Persië in die boek Ester?

Wie was ongehoorsaam aan die koning deur nie te kom toe hy roep nie?

Hoe het die koning besluit wie sy nuwe vrou sou wees?

Wat was Ester se nationaliteit?

Waarom wou Haman die hele Joodse volk doodmaak?

Wat het Mordegai gedoen toe hy hoor van Haman se plan om die Jode dood te maak?

Hoe lank het Ester gevas voordat sy die koning gaan sien het?

Wat het die koning aan Ester gedoen om te wys dat sy hom kon nader?

Wat het die koning gedoen toe hy nie kon slaap nie?

Hoe het die koning Mordegai beloon omdat hy hom van 'n sluipmoordpoging verlos het?

Wie het koningin Ester na haar bankette genooi?

Hoeveel bankette het koningin Ester gehou?

Hoe het Haman gesterf?

Hoe het die koning die vernietiging van die Jode gestop?

Watter fees is ingestel om die feit dat die Jode gered is, te vier?



Quellerina Gemeente